HOËRSKOOL
PAREL VALLEI
HIGH SCHOOL

95 Parel Vallei Rd, Somerset West 7130 PO Box 400, Somerset West 7129
Tel: 021 852 1228 Fax: 021 852 5005 E-mail: secretary@pvallei.co.za

Parel Valleiweg 95, Somerset-Wes 7130 Posbus 400, Somerset-Wes 7129
Tel: 021 852 1228 Faks: 021 852 5005 E-pos: secretary@pvallei.co.za

Headmaster / Skoolhoof: David Schenck

Kennisgewing van Benoemingbekragtigingsvergadering en Verkiesing

Verkiesing van Ouers van Leerders tot die Beheerliggaam

(Regulasies 18, 19, 21 en 22 van die Regulasies vir Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Beheerliggame by Openbare Skole, 2021)

NAAM VAN SKOOL: **HOËRSKOOL PAREL VALLEI** EMIS-NOMMER: **0110310273**

Kennis geskied hiermee dat:

1. 'n ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, 'n ander ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, kan nomineer of die benoeming van enige ouer, wie se naam op die kieserslys van die voormelde skool verskyn, van 'n leerder wat die voormelde skool bywoon, kan sekondeer deur die benoeming teen nie later nie as **15 March 2021** by die skool te besorg.

2. verskeie benoemingbekragtigingsvergaderings, wat deur ouerkandidate bygewoon mag word, kan gehou word op:

   (a) 16 Maart 2021 by Hoërskool Parel Vallei om 10:00; en
   (b) 23 Maart 2021 by Hoërskool Parel Vallei om 10:00; en
   (c) 31 Maart 2021 by Hoërskool Parel Vallei om 10:00.

   om die volgende sake af te handel:

   (i) alle benoemings te oorweeg; (ii) alle benoemings wat nie verkiesbaar is nie, te verwerp; en (iii) 'n lys van ouerkandidate op te stel wat as genomineerdes verkiesbaar is.

3. Die kieserslys van ouers, wat gegrond is op die skool se toelatingsregister, sal by die skool ter insae lê vanaf **11 Maart 2021 10:00**, en 'n ouer het die reg om tot **17 Maart 2021 10:00** 'n geskil by die skoolhoof aanhangig te maak. Die skoolhoof sal alle geskille vóór die bekendmaking van die kieserslys teen **Woensdag, 17 Maart 2021** oorweeg. Geen name sal na **Woensdag, 17 Maart 2021** bygevoeg word nie.

4. Enige persoon kan 'n beswaar teen enige benoeming skriftelik by die skoolkiesbeampte Vanessa Oertle aanteken teen 16:00 op Saterdag, 27 Maart 2021.

5. 'n Elektroniese verkiesing sal gehou word op **Maandag, 29 Maart 2021**, op 'n toepassing of webgebaseerde platform, wat verskaf sal word, en die stemproses sal om 07:00 open en om 19:00 sluit.

Hierdie verkiesing sal gehou word as daar meer kandidate as die getal lede wat verkies moet word egter genomineer word. 'n Elektroniese kiesstasie sal ook by die skool beskikbaar wees.

6. 'n Elektroniese opvolgverkiesing sal gehou word op Maandag, 12 April 2021, op 'n toepassing of webgebaseerde platform, wat verskaf sal word, en die stemproses sal om 07:00 open en om 19:00 sluit.

   'n Opvolgverkiesing sal slegs gehou word indien 'n kworum nie in die eerste rondte bereik is nie. 'n Elektroniese kiesstasie sal ook by die skool beskikbaar wees.

7. Tel van stembriewe, nadat 'n kworum behaal is, sal gehou word op **Maandag, 29 Maart 2021**, by die Hoërskool Parel Vallei, kort nadat stemming by die verkiesing gesluit het en genomineerdes kan hierdie sessie bywoon.

8. Tel van stembriewe sal gehou word op **Maandag, 12 April 2021**, by Hoërskool Parel Vallei, kort nadat stemming by die opvolgverkiesing (indien 'n opvolgverkiesing gehou is) gesluit het en genomineerdes kan hierdie sessie bywoon.

9. U word hiermee daaraan herinner om—

   (a) 'n vorm van identifikasie saam te bring om u toe te laat om te stem. Die vorm van identifikasie moet 'n Suid-Afrikaanse identiteitskaart of groen staafkode-identiteitsdokument of 'n tydelike identiteitsdokument uitgereik deur die Departement van Binnelandse Sake, of 'n permit in die geval van 'n buitelander uitgereik ingevolge die "Immigration Act, 2002" (Wet 13 van 2002) wees; en

   (b) ag te slaan op die volgende faktore wanneer ouerkandidate genomineer en verkies word:
   (i) die beginsel van billikheid;
   (ii) die behoefte om werk te maak van die onregte van die verlede; en
   (iii) die behoefte aan verteenwoordiging.

10. As die getal genomineerde kandidate gelyk is aan die getal lede wat verkies moet word, sal kandidate geag word as verkose lede van die beheerliggaam.

11. As die getal ouerkandidate wat genomineer word minder is as die getal lede wat verkies moet word, sal die skoolkiesbeampte versoek dat addisionele ouerkandiddate genomineer word.

2021.03.02 _____
DATUM

_____
HANDTEKENING VAN SKOOLKIESBEAMPTE

ADRES: 16 Gordons Bay Road, Strand.